The copyright act of 1978 (as amended) prohibits the reproduction of this copy IN ANY FORMAT, (See Clause 4 Terms and Conditions) without prior permission of the original publisher.


| Publication | | |
|---|---|---|
| VOLKSBLAD | | |
| Page | Date | AVE (ZAR) |
| 2 | Thurs 21 Nov 2019 | 18365.05 |




KRISIS BY SUID-AFRIKAANSE LUGDIENS

# Salarisse in gedrang

## 'Staking vererger finansiële probleme'

Nie net gaan stakende werknemers van die Suid-Afrikaanse Lugdiens (SAL) moontlik nie 'n salarisverhoging kry nie, maar dalk ook nie 'n salaris nie.

Pravin Gordhan, minister van openbare ondernemings, het gister in 'n voorlegging aan die parlement gesê die SAL het moontlik nie eens genoeg kontant om dié maand salarisse te betaal nie.

Hy het gesê die staking vererger die lugdiens se finansiële krisis.

"Werkers sal moontlik nie net nie verhogings kry nie, hulle gaan moontlik nie eens 'n salaris kry nie," het hy gewaarsku.

Thandi Modise, speaker van die parlement, het intussen op versoek van die IVP ingestem dat 'n dringende debat volgende week in die Nasionale Vergadering gehou word oor wat by die SAL moet gebeur.

Die datum sal vandag bepaal word.

Die metaalwerkersvakbond, Numsa, en die Suid-Afrikaanse Kajuitpersoneelvereniging (Sacca) staak sedert Vrydag by die lugdiens oor salarisse.

Gordhan, wat reeds gesê het daar is geen kans dat die staat die SAL nog 'n reddingsboei sal gee nie, sê die staat sal kyk of dit moontlik is om "'n mate van hulp te verleen". Dit hang egter daarvan af of die partye 'n ooreenkoms gaan sluit.

Hy sê daar moet verstaan word selfs al word daar ooreengekom op 'n salarisverhoging, is daar nie nou die geld om dit te betaal nie.

Intussen kos die staking die tegnies bankrot lugdiens glo sowat R50 miljoen per dag.

Nadat onderhandelings Dinsdagaand misluk het, het Numsa gister onderneem om sy en Sacca se plan vinniger deur te voer om die ganse lugvaartbedryf te verlam.

Die SAL het Dinsdag om middernag 'n belowende aanbod vir salarisverhogings teruggetrek wat vakbonde sê die staking sou beëindig het.

Phakamile Hlubi-Majola, Numsawoordvoerder, sê die aanbod wat hulle bereid was om te aanvaar, was 'n verhoging van 6,5%.

Dis teenoor die 8% wat hulle tot dusver geëis het en die SAL se vorige aanbod van 5,9%.

Hlubi-Majola sê die 6,5%-aanbod was vir die vakbond aanvaarbaar. maar dit is ná ure se onderhandelings onverwags teruggetrek en die lugdiens het by sy aanvanklike aanbod gehou.

"Hulle het ons verraai," sê Hlubi-Majola.

Onderhandelings is gister voortgesit.

Numsa het aan *Die Burger* bevestig dat sekondêre stakings by filiale van die SAL en ander lugdienste nou begin sal word.

Air Chefs het reeds 'n stakingskennisgewing ontvang en werkers by Comair (wat British Airways en Kulula bedryf) het 'n stakingsertifikaat gereed.

Een rede waarom die stakers bereid was om vir 'n 6,5%-verhoging te skik, was omdat dit gepaardgegaan het met 'n aanbod om 'n taakspan by die SAL saam te stel wat alle kontrakte en verkrygings sou behartig het.

Volgens Hlubi-Majola was dit 'n kerndeel van die aanbod en is dit ook sonder waarskuwing teruggetrek.

Die vakbond reken bankrotskap staar die lugdiens in die gesig, of hy nou salarisverhogings aan sy werknemers toestaan of nie.

"Talle forensiese ondersoeke dui daarop dat dit die meer as R25 miljard in verkrygingskontrakte is waar die SAL leeggetap word, en dis korrupsie wat dit dryf."

Die taakspan sou dus volgens Numsa die korrupsie in die lugdiens kon bekamp.

"Ons staak om die lugdiens van homself te red," sê Hlubi-Majola.

As daar nie 'n aanbod is wat wys die lugdiens sal verander nie, sal Numsa nie sy staking stop nie, sê sy.

In 'n oorwinning vir vakbonde het die Kommissie vir Versoening, Bemiddeling en Arbitrasie (KVBA) eergister beslis dat die SAL nou álle vakbonde wat sy werknemers verteenwoordig moet raadpleeg oor sy plan om 944 mense af te lê.

Die besluit is geneem ná 'n aansoek deur twee ander vakbonde wat nie aan die staking deelneem nie. Die KVBA het gesê die SAL kan nie selektief versuim om vakbonde oor sy herstrukturering te raadpleeg nie.

Die KVBA het ook beslis dat daar selfs met werkers gekonsulteer moet word wat nie tot 'n vakbond behoort nie. **– William Horne, Elvira Wood en Fin24**



Pravin Gordhan

## Gordhan voor ANC-koukus oor SAL en Eskom

**Sarel van der Walt** en **Philda Essop**

Pravin Gordhan, minister van openbare ondernemings, sal vanoggend in die parlement aan die ANC se koukus terugvoering gee oor die probleme by Eskom en die Suid-Afrikaanse Lugdiens (SAL).

"Die minister lewer gereeld voorleggings aan die koukus en sien uit na geleenthede om inligting met sy ANC-kollegas te deel," sê Sam Mkokeli, Gordhan se woordvoerder.

Die politieke ontleder Theo Venter van die Noordwes-Universiteit se sakeskool, sê hoewel sommige ANC-lede ontevrede is oor die wyse waarop Gordhan dié krisisse hanteer, sal die minister die voorlegging doen met die wete dat hy die politieke ondersteuning van pres. Cyril Ramaphosa en Tito Mboweni, minister van finansies, het.

Daar is die laaste tyd groot druk op Gordhan oor die wyse waarop hy die krisisse by Eskom en die SAL hanteer, ook uit ANC-geledere.

Gordhan is ook in die vakbonde se visier oor die voortslepende staking by die SAL. Die metaalwerkersvakbond, Numsa, en die Suid-Afrikaanse Kajuitpersoneelvereniging (Sacca) staak reeds sedert Vrydag by die lugdiens oor salarisse.

"Daar is in sekere kringe in die ANC ontevredenheid en 'n terugdrukpoging oor die streng optrede van die regering, maar Ramaphosa weet hy het in Gordhan en Mboweni twee voorhamers wat onbeweeglik is," sê Venter.

"Die land se ekonomie is in so 'n benarde posisie dat die regering geen ander keuse het nie as om streng maatreëls in te stel," het hy gesê.

Hy glo nie die ontevredenes sal enigsins hond haaraf maak nie omdat Ramaphosa in die ANC-koukus en die party se nasionale uitvoerende komitee sterk staan.

'n Bron na aan die regering sê daar is ANC-lede wat meen Gordhan se politieke loopbaan staan einde se kant toe.

Die kritiek teen hom is dat hy "nie sterk genoeg" was om die SAL en Eskom reg te ruk sedert hy minister van openbare ondernemings geword het nie.

Die gevoel is dat hy al 70 jaar oud is en al lankal wou aftree. "Hy is nie meer op en wakker nie. Sy optrede met die (krisisse by die) SAL en Eskom is maande en jare te laat.

"Hy tree nie uit enige oortuiging op nie, maar doen wat hy doen omdat daar geen ander moontlikhede is nie," sê die bron.

Hoewel Gordhan steeds Ramaphosa se steun het, is hy 'n teiken van veral die ANC se linkse vleuel.

Sy steun van die meer gematigde vleuel is glo ook besig om te taan.

■ Die kabinet het gister vergader en Eskom en die SAL sou waarskynlik belangrike besprekingspunte op die sakelys wees.

Jackson Mthembu, minister in die presidensie, sal vanoggend op 'n mediakonferensie in Pretoria terugvoering gee oor wat op die kabinetsvergadering bespreek is.

Die ACDP sê hy verwelkom Gordhan se ingryping by die SAL en Eskom.